higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6

(21010066)

25 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die doel van openbare betrekkinge is om 'n positiewe beeld te skep en te handhaaf en om 'n sterk verhouding met die publiek te vestig.

1.1.2 FW de Klerk het teorieë vir die verbetering van werksprosedures voorgestel.

1.1.3 Wette wat deur die Parlement goedgekeur word, beïnvloed nie die werksaamhede van munisipaliteite nie.

1.1.4 Amptenare moet eers nuwe tegnologie ondersoek voordat dit toegepas word.

1.1.5 'n Openbare bestuurder moet sy/haar posisie verwerf.

1.1.6 Algemene werkers in die openbare sektor moet goeie skryfvaardighede hê.

(6 × 2) (12)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Logiese opeenvolging van vrae	A	Des van Rooyen
1.2.2	Bewys van onbekwaamheid	B	provinsiale ingryping
1.2.3	Voormalige Minister van Openbare Dienste en Administrasie	C	analitiese benadering
		D	fotografiese materiaal
1.2.4	Outokratiese bestuurder	E	beheer
1.2.5	Voorkom korrupsie en wanbestuur in munisipaliteite	F	determinisme
		G	dialektisisme
1.2.6	Funksie van bestuur	H	Faith Muthambi

(6 × 2) (12)

1.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 (Nieprogrammeerbare/Programmeerbare) besluite is op feite gegrond.

1.3.2 (Openbare bestuur/Private sakebestuur) gebruik belastingbetalers se geld.

1.3.3 Die munisipaliteitsraad stel (provinsiale wette/verordeninge) op.

1.3.4 Die (burgemeester/premier) is die hoogste gesag in munisipale bestuur.

1.3.5 Die (Departement van Openbare Werke/Departement van Grondsake) is verantwoordelik vir die verskaffing van kantore, werkswinkels en laboratoriums.

1.3.6 'n Wetsontwerp moet in die (*Sowetan*-koerant/Staatskoerant) gepubliseer word sodat mense daarop kommentaar kan lewer.

(6 × 2) (12)

1.4 Gee die volle name van die volgende afkortings:

1.4.1 HSRC

1.4.2 WNNR

1.4.3 SANERI

1.4.4 MNR

(4 × 1) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Belangrike nuus: "SA Reserwebank wen hofbevel teen Openbare Beskermer"

Pretoria – Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) se aansoek om tersydestelling van die Openbare Beskermer se remediërende stappe om sy grondwetlike mandaat te verander, was suksesvol. Die uitspraak is in die Noord-Gautengse hooggeregshof afgewys. Die Openbare Beskermer het beveel dat die SARB-mandaat verander moet word om sosio-ekonomiese transformasie te verseker.

[Bron: *www.fin24.com 15/08/2017*]

2.1 Wie is die Openbare Beskermer in Suid-Afrika? (2)

2.2 Beskryf die magte en funksies van die Openbare Beskermer. (6 × 2) (12)

2.3 Noem die redes waarom dit nodig is om beheer oor openbare instellings uit te oefen. (5 × 2) (10)

2.4 Beskryf die faktore wat tot teëstand teen prosedurele verandering lei. (8 × 2) (16)

[40]

VRAAG 3

3.1 Mense se behoeftes is dinamies, wat tot deurlopende verandering van prosedures en metodes aanleiding gee.

Verduidelik SES tegnieke wat gebruik kan word om werksprosedures en -metodes te verbeter. (6 × 2) (12)

3.2 Bespreek aanspreeklikheid onder die volgende opskrifte:

3.2.1 Aanspreeklikheid deur 'n geregshof (4 × 2)

3.2.2 Aanspreeklikheid deur wetgewing (4 × 2)
(2 × 8) (16)

3.3 Beskryf die verhouding tussen die sentrale regering en plaaslike regering. (5 × 2) (10)

3.4 Wie is die goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank? (2)

[40]

VRAAG 4

4.1 Tabuleer die verskil tussen *administrasie* en *bestuur*. (4)

4.2 Bespreek lynfunksie onder die volgende opskrifte:

4.2.1 Handhawing van wet en orde (3 × 2)

4.2.2 Vervoer (3 × 2)
(2 × 6) (12)

4.3 Wat is die nadele van die aanstelling van privaat konsultante as werkstudiebeamptes? (5 × 2) (10)

4.4 Noem DRIE identifiseerbare handelinge wat deur openbare bestuurders uitgevoer word. (3 × 2) (6)

4.5 Verduidelik VIER eienskappe van 'n bestuurder rakende sy/haar vermoë om te organiseer. (4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 5

5.1 Die provinsiale regering het 'n grondwetlike mandaat om by munisipaliteite in te gryp wat nie hul grondwetlike funksies uitvoer nie.

Identifiseer die proses wat Gauteng kan volg wanneer dit by die sake van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit ingryp. (6 × 2) (12)

5.2 Hoekom dra polisiebeamptes, verkeerpolisie en lede van die weermag uniforms? (2)

5.3 Beskryf verwysingsdokumente as 'n hulpfunksie. (4 × 2) (8)

5.4 'n Openbare bestuurder moet funksies bepaal en instel wat 'n departement in staat stel om sekere doelstellings te bereik.

Verduidelik hoe 'n openbare bestuurder dit kan doen. (6 × 2) (12)

5.5 Beskryf hoe vergaderings in die openbare sektor gehou word. (3 × 2) (6)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou